



Graad 6 Kwartaal 3

Afrikaans Opsomming

Taalstrukture en -Konvensies

Samestellings en Afleidings

- 'n Voorvoegsel en 'n Agtervoegsel kan by 'n selfstandige naamwoord gevoeg word om 'n afleiding te vorm. Byvoorbeeld: ge + trou = getrou; pyn + lik = pynlik.
- 'n Samestelling is 'n woord wat bestaan as jy twee of meer woorde saam gebruik. Byvoorbeeld: badkamer + kas = badkamerkas.
- Party woorde word saamgevoeg met 'n verbindingsklank. Byvoorbeeld: verjaar + dag = verjaarsdag.

Hoofwerkwoorde en Hulpwerkwoorde

Hoofwerkwoord

- 'n Hoofwerkwoord enige werkwoord in 'n sin wat nie 'n hulpwerkwoord is nie, ook bekend as 'n hoofwerkwoord.
- 'n Hoofwerkwoord dra die betekenis in 'n werkwoord frase.
- 'n Hoofwerkwoord word soms voorafgegaan deur een of meer hulpwerkwoorde.

Hulpwerkwoorde

- Hulpwerkwoorde kan nie alleen in 'n sin optree nie. Hulle staan altyd saam met 'n hoofwerkwoord.
- Ons kry die soorte hulpwerkwoorde: van tyd, van vorm en van wyse.

Hulpwerkwoorde van tyd:

Teenwoordige tyd: het, is
Verlede tyd: het, was, sou, wou, kon, moes
Toekomende tyd: sal, wil, kan, moet
Sy het gery. Ek sou saamgegaan het.

Hulpwerkwoorde van vorm:

Die hulpwerkwoord van vorm word gebruik om die lydende of passiewe vorm uit te beeld.
'word' en 'is' word gebruik.
Die tafel word deur Magda gedek. Die huis is deur Sandra gekoop.

Hulpwerkwoorde van wyse:

Woorde wat gebruik word 'kan', 'mag' en 'moet'

Hulle kan die wedstryd wen.

Hulle moet harder leer.

Saamgestelde en Enkelvoudige Sinne

- Enkelvoudige sinne bestaan uit een sin:
- Hulle bestaan uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerp.
 - Onderwerp – Die persoon, dier of ding.
 - Gesegde – Die werkwoord.
 - Voorwerp – Wat gedoen word.

Voorbeeld:

Onderwerp – Die kind

Gesegde – skop

Voorwerp – die bal.

- Saamgestelde sinne is twee sinne wat saamgevoeg is met 'n voegwoord.
- Hulle het twee gesegdes.

Voorbeelde:

- Die meisie gaan slaap (Hoofsin). Die meisie is moeg (Bysin).
- Die meisie gaan slaap, want sy is moeg.

Voorbeelde van voegwoorde wat gebruik word in saamgestelde sinne:

- want
- en
- maar

Lydende en Bedrywende Vorm

- Lydende vorm se volgorde van die sin is onderwerp, voorwerp, gesegde.(OGV)
- Bedrywende vorm se volgorde is voorwerp, onderwerp, gesegde.(VOG)

Ons volg die volgende stappe:

1. Bepaal die tydsvorm van die sin.Tydsvorm:
 - Teenwoordige tyd: 'word deur'
 - Voorbeeld: Hy groet haar. Sy word deur hom gegroet.
 - Verlede tyd: 'het' word 'is deur'
 - Voorbeeld: Hy het haar gegroet. Sy is deur hom gegroet.

- Toekomende tyd: 'sal' word 'sal deur', 'moet' word 'moet deur', 'gaan' word 'gaan deur'.
- Voorbeeld: Hy sal haar groet. Sy sal deur hom gegroet word.

2. Onderstreep werkwoorde (skop, slaan, hardloop, vang) en hulpwerkwoorde (sal, het, is).
3. Omkring die onderwerp: **Die meisie** hardloop om **die veld**.
4. Bepaal of dit na die lydende- of bedrywende vorm moet verander.

Afkortings en Akronieme

'n Akroniem is 'n tipe afkorting wat as 'n woord uitgespreek kan word.
'n Afkorting, in skriftelike taalgebruik, is 'n verkorte skryfwyse vir 'n woord, woordgroep, naam of ander 'n aanduiding.

Afkortings

- bv. - byvoorbeeld
- mnr. - meneer
- mev. - mevrou
- ds. - dominee
- ens. - ensovoorts
- asb. - asseblief
- i.p.v. - in plaas van
- bl. - bladsy
- mej. - mejuffrou
- dr. - dokter
- m.a.w. - met ander woorde
- d.w.s. - dit wil sê

Akronieme

- Absa: Amalgameerde Banke van Suid-Afrika
- ASCII: American Standard Code for Information Interchange (Amerikaanse Standaardkode vir Inligtingsuitruiling)
- Benelux: België, Nederland en Luxemburg
- Cosatu: Congress of South African Trade Unions
- FIFA: Fédération Internationale de Football Association - Internasionale Voetbalfederasie
- Gestapo: Geheime Staatspolizei (in Nazi-Duitsland)
- HAT: (Verklarende) Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
- INRI: Iesus Nasarenus Rex Iudaeorum (Jesus die Nasarener, (die) koning van die Jode) Interpol: Internasionale Kriminele Polisiekommissie
- Laser: Light Amplification by Stimulated Emission of Radiation (ligversterking deur gestimuleerde uitlaat van straling)
- Nasa: National Aeronautics and Space Administration (Nasionale Lugvaart- en Ruimteadministrasie)
- Navo: Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie

- Noksa: Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika NUMSA: Nasionale Unie van Metaalwerkers van Suid-Afrika radar: Radio Detecting and Ranging
- Rica: Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act (Wet op die Onderskepping van Inligting en Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting)
- Sapa: Suid-Afrikaanse Pers-Assosiasie
- Sasol: Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
- UNESCO: United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation
- UNICEF: United Nations Children's Fund

Antonieme

Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis as 'n ander woord het.

Voorbeelde:

- vlak -diep
- nat - droog
- laaste - eerste
- ongelukkig -gelukkig
- klein - groot
- sag - hard
- lank - kort
- hoog- laag
- fluks - lui
- baie - min
- netjies - slordig
- vinnig - stadig
- maer - vet
- leeg - vol
- agter - voor
- skoon - vuil
- koud - warm
- verloor – wen

Sinonieme

Sinonieme is woorde wat dieselfde of amper dieselde betekenis het.

Voorbeelde:

- alleen - eensaam
- amper - byna
- bullebak - boelie
- geraas - lawaai
- gesels - praat
- ma - moeder
- meteens - skielik

- oggend - môre
- oud - bejaard
- pa - vader
- pla - hinder
- skitter - vonkel
- sterf - doodgaan
- storie - verhaal
- studente - leerlinge
- vies - kwaad - boos
- voltooi - klaarmaak
- vriende - maats
- waarheen - waarnatoe
- woud - bos

Homonieme

'n Homoniem is 'n woord wat dieselfde klink en dieselfde gespel word as 'n ander woord, maar 'n heeltemal ander betekenis en oorsprong het.

Voorbeelde:

- as (dit wat oorbly as iets verbrand het), as (van 'n motor), as (as dit so is.=.indien dit so is).
- brak (hond), brak (souterig).
- by (insek wat heuning maak), by (in die nabyheid).
- geld (betaalmiddel), geld (van toepassing wees op, byvoorbeeld "dit geld nie vir jou nie"). kan (in staat wees), kan (waarin die koffie is)

Homofone

Homofone is woorde wat dieselfde uitgespreek word, maar verskillend gespel word en verskillende betekenis het.

Voorbeelde:

- (vereniging), bont (veelkleurig)
- boud (agterste, dig liggaamsdeel), bout (dit word met n moet vasgedraai)
- brei (doen dit met velle of 'n sportspan), bry (die klank 'r' met die kleintongetjie uitspreek)
- dokter (geneesheer), doktor (iemand wat die hoogste akademiese graad verwerf het)
- end (die einde), ent (die loot van een boom in die spleet van 'n ander)

Voegwoorde

Dit is woorde wat ons gebruik om twee sinne saam te voeg: maar, sowel, dus, want, dog, gevolglik, of, en, omdat.

Voorbeelde:

- Sy sal slaag, want sy het hard geleer.
- Hy oefen elke dag hard, dus is hy in die eerste span.
- Magda leer, maar Daan speel buite.
- Daan en Sandra staan in die ry.
- Willie slaap, want hy het laat gaan slaap.

Tydsuorme

Ons kry drie tydsuorme, naamlik:

- Verlede tyd
- Teenwoordige tyd
- Toekomende tyd

Voorbeelde:

Verlede tyd	Teenwoordige tyd	Toekomende tyd
Die meisie het met haar hond gespeel.	Die meisie speel met haar hond.	Die meisie sal met haar hond speel.
Die kinders het hard geleer.	Die kinders leer hard.	Die kinders sal hard leer.
Die mammas het oor koekies gesels.	Die mammas gesels oor koekies.	Die mammas sal oor koekies gesels.
Die kinders het baie nuwe speelgoed gekry.	Die kinders kry baie nuwe speelgoed.	Die kinders sal baie nuwe speelgoed kry.
Ons het 'n lang toets geskryf.	Ons skryf 'n lang toets.	Ons sal 'n lang toets skryf.

Ontkenning

Ontkenning is die manier waarop ons sê da iets nie so is nie of dat dit nie waar is nie.

Ons gebruik die dubbele 'nie'.

Ons gebruik ook woorde soos: nooit, niemand, nêrens, niks, geen.

Voorbeelde:

- | | |
|------------------------------|---------------------------------|
| ➤ Sy het iets gehoor. | Sy het niks gehoor nie. |
| ➤ Jy sing altyd so hard. | Jy sing nooit so hard nie. |
| ➤ Daar is iemand by die hek. | Daar is niemand by die hek nie. |

➤ Het mamma enige geld?

Mamma het niks geld nie.

Idiomatiese Taalgebruik

Idioom	Betekenis
Geld groei nie op my rug nie.	Ek is nie ryk nie.
Geld soos bossies.	Het baie geld.
Geld in die water gooi.	Geld mors.
Buig die boompie terywl hy jonk is.	Leer die kind in sy jong jare.
Tussen die boom en die bas.	Nie goed nie, nie sleg nie.
Dis bal mislaan.	'n Fout maak.
Die bal aan die rol sit.	Met iets begin.
Kop aan kop wees.	Die een is nie beter as die ander nie.
Haar kop is deur.	Die moeilike deel is verby, sy het geslaag.
'n Padda in die keel hê.	Beteken om hees te wees.
Kan slange vang.	Is baie kwaad. (woedend)
Voor op die wa wees.	Om arrogant te wees.
Die aap uit die mou laat.	Die geheim verklap.
Sy hart in sy skoene.	Sy moed begewe hom.
Hy het nie al sy varkies op hok nie.	Hy nie in sy volle verstand nie.

Nuutskappings

- Dit is nuwe woorde wat geskep word om name vir nuwe uitvindings te gee, bv.
- skandeerder, sellulêre telefoon, tabletrekenaar, flaterwater ("Tipp-ex"); gonswoord ("buzz word"); rymklets/ rymkletser ("rap"/ "rapper"); toepassing / toep/ toepie ("App")

Direkte en Indirekte Rede

Ons gebruik die volgende leestekens wanneer iemand se woorde direk neergeskryf word: Dubbelpunt (:) en aanhalingstekens ("")

Wanneer die woorde van iemand herhaal word bly die tyd van die werkwoorde dieselfde, maar die voornaamwoorde en bywoorde verander.

Direkte rede:

- Sanda sê: "Kom ons gaan strand toe."
- "Ons gaan nou ry." Sê Daan.
- Mike het gevra: "Kan ons gaan swem?"

Indirekte rede:

- Sandra se ons moet strand toe gaan.
- Hy sê ons gaan nou ry.
- Mike het gevra of ons kan gaan swem

Woordorde

Ons gebruik STOMPI

- S - onderwerp
- v - werkwoord 1
- T - tyd
- V1 - voorwerp
- M - wyse
- P - plek
- v2 - werkwoord 2
- I – infinitief

Reëls:

- Identifiseer die tyd van die sin, dit wil sê Huidige of Verlede Tyd.
- Identifiseer die verskillende dele van die sin
- d.w.s. As die sin in huidige tyd is, pas hierdie volgorde toe-S,V,T,O,M,P,I
- d.w.s. As die sin in Verlede Tyd is, pas hierdie volgorde toe-S,V1,T,O,M,P,V2,I,
- NB:(As die sin in VERLEDE TYD is, dan sal die werkwoorde "het" en "ge" in die sin verskyn)
- Goue reël - Waarmee jy ook al begin, die WERKWOORD kom VOLGENDE.

Vergelykings

- Hy vloek soos 'n ... matroos
- So rooi soos ... bloed
- So groen soos ... gras
- So donker soos die ... nag
- So wit soos ... sneeu
- So soet ... stroop
- So dood soos 'n ... mossie
- So lelik soos die ... nag
- So oud soos die... berge
- So regop soos 'n ... kers

Aanhalingstekens

Daar is twee soorte aanhalingstekens.

- "dubbelaanhalingstekens"
- 'enkelaanhalingstekens'
- Aanhalingstekens word altyd teenaan die gedeelte geskryf wat aangehaal word met spasies daarvoor en daarna.
- In Afrikaans gebruik ons meestal dubbelaanhalingstekens, behalwe waar daar 'n aanhaling binne 'n aanhaling is - dan gebruik ons enkelaanhalings.

Die Kappie

- Die kappie word gebruik op klinkers in lang, oop lettergrepe om die klank te rek.
- Voorbeelde: sê, hê, brûe, wê, môre
- Wanneer 'n klank gerek moet word en die klank is in 'n geslote lettergreep aan die einde van 'n woord, kry dit ook 'n kappie.
- Voorbeelde: skêr, miljoenêr, populêr, vulgêr
- Wanneer die geslote lettergreep afgesluit word deur meer as een medeklinker, kry dit nie 'n kappie nie.
- Voorbeelde: perd, mens, kerk, kombes

Die Deelteken

- Die funksie van 'n deelteken is om aan te dui dat twee vokale wat na mekaar volg nie as 'n diftong uitgespreek moet word nie, maar wel as twee verskillende klinkers.
- Ons kan sê 'n deelteken verleen 'n ekstra lettergreep aan 'n woord.

Voorbeelde:

- breër, geëet, geleë, sneë, reën, diëte, gereëde, leë, vroeë, moeë, droë

Die Afkappingsteken

Ons gebruik die afkappingsteken by meervoude- en verkleiningsvorme van selfstandige naamwoorde wat op -i, -o, -u en -a eindig.

Voorbeelde:

- Foto's
- Hoera's
- Pa's
- Foto'tjie

- Skadu's
- Hy's
- Daar's
- Eggo's

Die Aksenttken

Ons kry 2 soorte in Afrikaans:

- (´) Die eerste skuis-strepie is die akuut.
- (`) Die tweede skuis-strepie is die gravis.

Gravis voorbeelde:

- Nè, hè, hè, dè, dè, appèl

Die akuut kom altyd op klinkers.
Op sekere name, vanne en woorde.
Om klen aan te dui.

Akuut voorbeelde:

- Jané, Cronjé, dié, hét, óf, cliché